

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great  
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)



**SA EXAM  
PAPERS**



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**REKENINGKUNDE**

**FEBRUARIE/MAART 2013**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en 'n 18 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf om ALLE vrae in te beantwoord.
3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| <b>VRAAG 1: 35 punte; 20 minute</b> |                                             |
|-------------------------------------|---------------------------------------------|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>     | <b>Leeruitkomst gedek:</b>                  |
| Vervaardiging en interne beheer     | LU2 <b>Bestuursrekeningkunde</b>            |
|                                     | AS2 Produksiekostestaat                     |
|                                     | AS2 Eenheidskoste en gelykbreekpunt         |
|                                     | LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b>           |
|                                     | AS6 Pas interne beheer en ouditprosesse toe |

| <b>VRAAG 2: 35 punte; 20 minute</b> |                                             |
|-------------------------------------|---------------------------------------------|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>     | <b>Leeruitkomst gedek:</b>                  |
| Bankversoening                      | LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b>         |
|                                     | AS4 Bankversoening                          |
|                                     | LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b>           |
|                                     | AS6 Pas interne beheer en ouditprosesse toe |

| <b>VRAAG 3: 80 punte; 50 minute</b>                 |                                     |
|-----------------------------------------------------|-------------------------------------|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>                     | <b>Leeruitkomst gedek:</b>          |
| Maatskappybegrippe, vaste bates en finansiële state | LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b> |
|                                                     | AS1 Begrippe                        |
|                                                     | AS5 Finansiële state                |
|                                                     | LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b>   |
|                                                     | AS3 Bateverkope                     |

| <b>VRAAG 4: 65 punte; 40 minute</b>                 |                                                                                        |
|-----------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>                     | <b>Leeruitkomst gedek:</b>                                                             |
| Vertolking van maatskappy-inligting en ouditverslag | LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b>                                                    |
|                                                     | AS1 Begrippe                                                                           |
|                                                     | AS5 Finale rekeninge, finansiële state en ontleding en vertolking van finansiële state |
|                                                     | AS6 Ouditverslae                                                                       |

| <b>VRAAG 5: 35 punte; 20 minute</b>        |                                              |
|--------------------------------------------|----------------------------------------------|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>            | <b>Leeruitkomst gedek:</b>                   |
| Voorraadwaardasie, interne beheer en etiek | LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b>            |
|                                            | AS4 Bereken en waardeer voorrade             |
|                                            | AS5 Etiek                                    |
|                                            | AS6 Pas interne beheer- en ouditprosesse toe |

| <b>VRAAG 6: 50 punte; 30 minute</b> |                                             |
|-------------------------------------|---------------------------------------------|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>     | <b>Leeruitkomst gedek:</b>                  |
| Kontantbegrotings                   | LU2 <b>Bestuursrekeningkunde</b>            |
|                                     | AS3 Ontleed en vertolk 'n kontantbegroting  |
|                                     | LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b>           |
|                                     | AS6 Pas interne beheer en ouditprosesse toe |

**VRAAG 1: VERVAARDIGING EN INTERNE BEHEER (35 punte; 20 minute)**

Charley het 'n besigheid wat skoolrokke vervaardig. Hy verkry materiaal van plaaslike verskaffers. Jy word voorsien van inligting vir die jaar geëindig 31 Desember 2012.

**GEVRA:**

- 1.1 Dui aan in watter kosterekening elk van die items (1.1.1–1.1.4) geklassifiseer sal word deur die antwoord uit die opsies hieronder te kies.

direkte arbeidskoste; direkte materiaal-/grondstofkoste; fabrieksbokoste;  
administrasiekoste; verkoops- en verspreidingskoste

- 1.1.1 Waardevermindering van fabriekstoerusting
- 1.1.2 Lone betaal aan werkers wat die rokke vervaardig
- 1.1.3 Huur betaal vir die kantoorgebou
- 1.1.4 Vraggeld op aankope van grondstowwe (8)
- 1.2 Bereken die volgende:
- 1.2.1 Totale verkoops- en verspreidingskoste (2)
- 1.2.2 Administrasiekoste per eenheid (2)
- 1.2.3 Totale koste van produksie vir 2012 (4)
- 1.3 Gelykbreekpunt:
- 1.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir 2012. (6)
- 1.3.2 Sal Charley tevrede wees met die getal eenhede wat geproduseer is? Verduidelik deur syfers aan te haal om jou antwoord te staaf. (3)
- 1.4 Die huidige inflasiekoers is 6%. Salaris- en loonverhogings was ook 6%. Charley is bekommerd oor die beheer oor sekere koste. Verwys na Inligting 3 hieronder vir 'n vergelyking van hierdie jaar se koste met die koste van verlede jaar.
- 1.4.1 **Direkte materiaalkoste:** Verduidelik waarom Charley hom nie te veel oor die direkte materiaalkoste hoef te bekommer nie. Verskaf syfers om jou antwoord te staaf. (2)
- 1.4.2 **Direkte arbeidskoste en fabrieksbokoste:** Verskaf syfers om te verduidelik waarom direkte arbeids- en fabrieksbokoste vir hom 'n groot bekommernis behoort te wees. Noem in elke geval 'n moontlike probleem wat tot 'n toename in elk van hierdie koste gelei het. Verskaf praktiese raad om elk van die probleme wat jy voorgestel het, op te los. (8)

**INLIGTING:****1. Goedere-in-bewerking**

Daar was geen goedere-in-bewerkingvoorraad of voorraad van voltooide goedere aan die begin of einde van die jaar nie.

**2. Produksie en verkope**

|                              | <b>2012</b>                 | <b>2011</b> |
|------------------------------|-----------------------------|-------------|
| Rokke geproduseer en verkoop | 5 500                       | 6 300       |
| Verkoopprijs                 | R250                        | R200        |
| Gelykbreekpunt               | <b>sien<br/>VRAAG 1.3.1</b> | 3 310       |

**3. Eenheidskoste**

Die volgende koste is uit die finansiële rekords van Charley Handelaars geneem.

|                            | <b>2012<br/>Totaal</b>      | <b>2012<br/>Per eenheid</b> | <b>2011<br/>Per eenheid</b> |
|----------------------------|-----------------------------|-----------------------------|-----------------------------|
| <i>Veranderlike koste:</i> | ?                           | R160                        | R141                        |
| Direkte arbeid             | R275 000                    | R50                         | R32                         |
| Direkte materiaal          | R522 500                    | R95                         | R94                         |
| Verkope en verspreiding    | <b>sien<br/>VRAAG 1.2.1</b> | R15                         | R15                         |
|                            |                             |                             |                             |
| <i>Vaste koste:</i>        | R231 000                    | ?                           | R31                         |
| Fabrieksbokoste            | R165 000                    | R30                         | R21                         |
| Administrasie              | R66 000                     | ?                           | R10                         |

**VRAAG 2: BANKVERSOENING****(35 punte; 20 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Clayton Handelaars. Hulle het jou hulp nodig met die bankversoening aangesien hulle hul rekenmeester afgedank het as gevolg van probleme met die manier waarop hy die banksake hanteer het.

**GEVRA:**

- 2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 2.1.1 Die opstel van 'n Bankversoeningstaat is 'n belangrike deel van interne beheer in 'n besigheid.
- 2.1.2 Rente op 'n oortrokke bankrekening word as deel van bankkoste opgeteken.
- 2.1.3 'n Kredietsaldo op die Bankstaat is gunstig.
- 2.1.4 'n Uitgereikte vooruitgedateerde tjek moet op die dag van uitreiking in die Kontantbetalingsjoernaal opgeteken word. (8)
- 2.2 Bereken die korrekte totale vir die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Desember 2012. (12)
- 2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Desember 2012 op. (9)
- 2.4 Verwys na tjek nr. 620 in die Bankversoeningstaat vir November 2012. Hoe sal dit in die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2012 opgeteken word? Gee 'n rede. (3)
- 2.5 Verwys na Inligting 6 hieronder.
- 2.5.1 Watter AARP-beginsel is toegepas toe hierdie bedrag afgeskryf is? (1)
- 2.5.2 Hoe kan 'n soortgelyke probleem in die toekoms vermy word? (2)

**INLIGTING:**

1. Aan die einde van die vorige maand, 30 November 2012, het die volgende items in die Bankversoeningstaat verskyn:

|                                    |         |
|------------------------------------|---------|
| Debietsaldo op Bankstaat           | R16 300 |
| Uitstaande deposito's:             |         |
| ▪ 28 Junie 2012                    | 20 000  |
| ▪ 30 November 2012                 | 5 400   |
| Uitstaande tjeks:                  |         |
| ▪ 402 (gedateer 15 Junie 2012)     | 3 250   |
| ▪ 614 (gedateer 10 Oktober 2012)   | 2 850   |
| ▪ 616 (gedateer 25 November 2012)  | 4 530   |
| ▪ 620 (gedateer 10 Februarie 2013) | 2 550   |
| Kredietsaldo volgens bankrekening  | 4 080   |

2. Die Bankstaat op 31 Desember 2012 toon 'n ongunstige saldo van R26 217.
3. Die voorlopige totale vir die joernale van Desember 2012 voor versoening met die Bankstaat, is:
  - Kontantontvangstejoernaal – R23 500
  - Kontantbetalingsjoernaal – R28 640
4. Die volgende items verskyn op die Bankstaat vir Desember, maar verskyn nie in die kontantjoernale vir Desember nie:
  - Die deposito van R5 400
  - Tjek nr. 614 en nr. 616
5. Tjek nr. 402 moet gekanselleer word, aangesien dit verouderd is. Dit is oorspronklik as 'n donasie aan die plaaslike DBV uitgereik.
6. 'n Onderzoek het getoon dat die deposito van R20 000, gedateer 28 Junie 2012, nooit by die bank gedeponeer is nie. Die geld het verdwyn en daar is besluit om hierdie bedrag af te skryf.
7. Die volgende items verskyn slegs op die Bankstaat vir Desember 2012:
  - Bankkoste, R150
  - Rente op oortrokke bankrekening, R90
  - Geweerde tjek van R250, voorheen van 'n debiteur ontvang ter vereffening van sy rekening van R280
  - Direkte deposito deur die huurder, R5 500
  - Debietorder vir versekering, R630
8. Tjek nr. 653, wat op 10 Desember 2012 vir R696 uitgereik is, word foutief in die Kontantbetalingsjoernaal getoon as R969. Die Bankstaat is korrek.
9. Tjek nr. 1446 vir R300 verskyn slegs op die Bankstaat. Na 'n ondersoek is gevind dat dit 'n tjek was wat deur die eienaar uit sy privaat tjekrekening uitreik is. Die bank sal hierdie inskrywing gedurende Januarie 2013 regstel.
10. Gedurende Desember is 'n tjek vir R800 van 'n debiteur ontvang. Dit was 30 April 2013 gedateer en is nie in die Kontantontvangstejoernaal of die Bankstaat opgeteken nie.
11. Die volgende items verskyn in die kontantjoernale vir Desember maar nie op die Bankstaat nie:
  - 'n Deposito van R13 500, gedateer 30 Desember 2012
  - Tjek nr. 660, R750, gedateer 13 Desember 2012
  - Tjek nr. 680, R5 600, gedateer 23 Desember 2012



**VRAAG 3: MAATSKAPPYBEGRIPE, VASTE BATES EN FINANSIËLE STATE**  
(80 punte; 50 minute)

- 3.1 Kies 'n AARP-beginsel uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A |                                                                                                                                                                       | KOLOM B |                         |
|---------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------|-------------------------|
| 3.1.1   | Wanneer finansiële state opgestel word, word bates opgeteken teen die bedrag wat oorspronklik daarvoor betaal is.                                                     | A       | Paringsbegrip           |
|         |                                                                                                                                                                       | B       | Wesenlikheidsbegrip     |
|         |                                                                                                                                                                       | C       | Historiese-koste-begrip |
| 3.1.2   | Uitgawes en inkomste moet in die toepaslike finansiële periode opgeteken word.                                                                                        | D       | Lopendeszaak-begrip     |
| 3.1.3   | In die opstel van finansiële state sal die rekenmeester aanvaar dat die besigheid vir die voorsienbare toekoms sal voortgaan.                                         |         |                         |
| 3.1.4   | Enige bedrag wat noemenswaardig sal wees in die besluite wat deur die leser van die finansiële state geneem sal word, moet apart in die finansiële state getoon word. |         |                         |

(8)

- 3.2 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Global Bpk. op 28 Februarie 2013. Global Bpk. het gemagtigde aandeelkapitaal van 600 000 aandeel van R2 elk.

**GEVRA:**

- 3.2.1 Voltooi die Vaste-/Tasbare-bates-nota op 28 Februarie 2013. (18)
- 3.2.2 Voltooi die Inkomstestaats vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013. (45)
- 3.2.3 Stel die Behoue-inkomste-nota op 28 Februarie 2013 op. (9)

**INLIGTING:**

1. **GLOBAL BPK.**  
**VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS SOOS OP 28 FEBRUARIE 2013**

|                                              | DEBIET    | KREDIET   |
|----------------------------------------------|-----------|-----------|
|                                              |           |           |
| <b>Balansstaatrekeninge-afdeling</b>         | <b>R</b>  | <b>R</b>  |
| Gewone aandeelkapitaal (pariwaarde 200 sent) |           | 950 000   |
| Aandelepremie                                |           | 38 000    |
| Behoue inkomste (1 Maart 2012)               |           | 69 840    |
| Verbandlening: Pride Bank                    |           | 288 700   |
| Grond en geboue                              | 810 000   |           |
| Voertuie                                     | 513 000   |           |
| Toerusting                                   | 235 600   |           |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie    |           | 178 600   |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting  |           | 73 940    |
| Debiteurekontrole                            | 71 820    |           |
| Krediteurekontrole                           |           | 16 680    |
| Handelsvoorraad                              | 69 730    |           |
| Bank                                         | 90 040    |           |
| Wisselgeld                                   | 1 000     |           |
| SAID (Inkomstebelasting)                     | 57 142    |           |
| Voorsiening vir oninbare skulde              |           | 3 800     |
|                                              |           |           |
| <b>Nominalerekeninge-afdeling</b>            |           |           |
| Verkope                                      |           | 1 330 950 |
| Debiteureafslag                              | 950       |           |
| Koste van verkope                            | 831 250   |           |
| Skryfbehoeftes                               | 1 630     |           |
| Korting toegestaan                           |           | 2 090     |
| Oninbare skuld                               | 1 350     |           |
| Oninbare skuld verhaal                       |           | 550       |
| Versekering                                  | 22 800    |           |
| Rente op lening                              | 32 300    |           |
| Bankkoste                                    | 5 770     |           |
| Huurinkomste                                 |           | 124 032   |
| Salarisse en lone                            | 164 430   |           |
| Bateverkope                                  |           | 3 100     |
| Ouditfooie                                   | 31 470    |           |
| Direkteursfooie                              | 110 000   |           |
| Rente op lopende rekening                    |           | 4 000     |
| Gewone aandeledividend (tussentyds)          | 34 000    |           |
|                                              | 3 084 282 | 3 084 282 |

2. **AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING**

- A. Waardevermindering op voertuie word bereken teen 30% p.j. op die verminderdesaldo-metode. Neem in ag dat 'n nuwe voertuig met 'n kosprys van R133 000 op 1 November 2012 gekoop is en dat dit korrek opgeteken is.
- B. Die Proefbalans toon 'n bedrag van R3 100 in verband met toerusting verkoop. Dit het betrekking op 'n rekenaar wat vir R3 100 kontant verkoop is op 31 Oktober 2012. Geen ander inskrywings is in verband met hierdie verkope gemaak nie. Die kosprys van die rekenaar was R6 000 en die **boekwaarde** op die datum van verkope was R2 700.

Waardevermindering op toerusting is as R35 040 bereken nadat al die bogenoemde in ag geneem is.

- C. Rente op die verbandlening is gekapitaliseer. Die jaarlikse leningstaat van Pride Bank toon die volgende:

| <b>PRIDE BANK<br/>LENINGSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2012</b> |         |
|--------------------------------------------------------|---------|
| Saldo op 1 Maart 2012                                  | 304 000 |
| Rente vir die jaar gekapitaliseer                      | ?       |
| Terugbetalings, insluitend rente (R6 500 x 12)         | 78 000  |
| Saldo op 28 Februarie 2013                             | 288 700 |

- D. Die rekening van R Kingful, wat R1 520 skuld, moet afgeskryf word. Pas die voorsiening vir oninbare skulde tot 4% van uitstaande skulde aan.
- E. 'n Debiteur, L Ndlovu, wie se skuld voorheen afgeskryf is, het R120 betaal. Die boekhouer het die bedrag verkeerdelik na die Oninbareskuld-rekening gekrediteer. Stel die fout reg.
- F. Skryfbehoeftes voorhande op 28 Februarie 2013 word op R190 geskat.
- G. 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2013 toon die waarde van die voorraad voorhande as R67 240.
- H. 'n Jaarlikse versekeringspremie van R11 400 is op 1 Januarie 2013 betaal.
- I. Die huur ontvang van die huurder sluit die huur vir Maart 2013 in. Die huur is op 1 Oktober 2012 met R912 verhoog.
- J. 'n Finale dividend van 5 sent per aandeel is op 28 Februarie 2013 verklaar. Alle aandele tot op datum uitgereik, kwalifiseer vir hierdie dividend.
- K. Inkomstebelasting vir die jaar beloop R35 264.

**VRAAG 4: VERTOLKING VAN MAATSKAPPY-INLIGTING EN OUDITVERSLAE**  
**(65 punte; 40 minute)**

- 4.1 Voltooi die stellings (4.1.1–4.1.4) deur 'n term uit die opsies hieronder te kies. Skryf slegs die opsie langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

aandeelhouer; direkteur; interne ouditeur; onafhanklike ouditeur

- 4.1.1 'n Persoon wat 'n mening oor die finansiële state van 'n maatskappy uitspreek, is 'n ...
- 4.1.2 'n Persoon wat deur aandeelhouders aangestel word om 'n maatskappy te bestuur en besluite te neem, is 'n ...
- 4.1.3 'n Persoon wat 'n mede-eienaar van 'n maatskappy is, is 'n ...
- 4.1.4 'n Persoon deur 'n maatskappy in diens geneem om die betroubaarheid van die rekeningkundestelsels daagliks te kontroleer, is 'n ...

(8)

4.2 **ELECTRO BPK.**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Electro Bpk. Die pariwaarde van die aandele is 500 sent. Nuwe aandele is op 1 Maart 2012 uitgereik.

**GEVRA:**

Gebruik die inligting oor Electro Bpk. hieronder om die volgende syfers of finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2013 te bereken. Bereken tot EEN desimale plek, waar van toepassing.

- 4.2.1 Bedryfsverhouding (3)
- 4.2.2 Verdienste per aandeel (in sent) (3)
- 4.2.3 Skuld/Ekwiteit-verhouding (3)
- 4.2.4 Persentasie opbrengs verdien op totale kapitaal aangewend (voor belasting) (5)
- 4.2.5 Die syfers wat in die Kontantvloeistaat sal verskyn vir:
- (a) Terugbetaling van lenings (2)
- (b) Opbrengs uit uitreik van gewone aandele (4)
- (c) Vaste bates gekoop (let op dat vaste bates met 'n boekwaarde van R115 500 teen drawaarde verkoop is) (5)

**INLIGTING:**

|                                                 | <b>28 Februarie<br/>2013</b> | <b>28 Februarie<br/>2012</b> |
|-------------------------------------------------|------------------------------|------------------------------|
| Verkope                                         | R1 650 000                   | R1 430 000                   |
| Waardevermindering                              | 44 000                       | 35 200                       |
| Rente op lenings                                | 112 000                      | 141 000                      |
| Netto wins voor belasting                       | 518 500                      | 587 700                      |
| Netto wins na belasting                         | 363 000                      | 411 400                      |
| Gewone aandeelhouersekewiteit                   | 1 589 500                    | 1 246 300                    |
| Gewone aandeelkapitaal<br>(pariwaarde 500 sent) | 990 000                      | 814 000                      |
| Aandelepemie                                    | 206 800                      | 145 200                      |
| Behoue inkomste                                 | 392 700                      | 287 100                      |
| Niebedryfslaste                                 | 550 000                      | 693 000                      |
| Vaste/Tasbare bates                             | 1 883 700                    | 1 782 000                    |
| Bedryfsbates (insluitend voorrade)              | 209 000                      | 223 300                      |
| Bedryfslaste                                    | 132 000                      | 187 000                      |
| Voorrade                                        | 121 000                      | 148 500                      |

**4.3 FINANSIËLE AANWYSERS VAN TWEE MAATSKAPPYE**

Jou vriend, Peter, oorweeg dit om aandele te koop in 'n maatskappy wat sportklere verkoop. Hy vra jou raad en gee jou die volgende finansiële aanwysers van twee maatskappye wat hy oorweeg. Die maatskappye is ewe groot, hulle het dieselfde getal aandele uitgereik en die pariwaarde is dieselfde.

|                                                             | <b>Peggy Bpk.</b> | <b>Lolly Bpk.</b> |
|-------------------------------------------------------------|-------------------|-------------------|
| Markprys per aandeel op die JEB ('JSE')                     | 755 sent          | 590 sent          |
| Netto batewaarde per aandeel                                | 605 sent          | 625 sent          |
| Verdiens te per aandeel                                     | 813 sent          | 179 sent          |
| Dividende per aandeel                                       | 637 sent          | 182 sent          |
| % opbrengs op aandeelhouersbelang                           | 28,5%             | 11,5%             |
| % opbrengs op totale kapitaal aangewend<br>(voor belasting) | 35,6%             | 12,4%             |
| % rente op lenings                                          | 14%               | 14%               |
| Skuld/Ekwiteit-verhouding                                   | 0,2 : 1           | 1,9 : 1           |
| Bedryfskapitaalverhouding                                   | 5,8 : 1           | 1,7 : 1           |
| Vuurproefverhouding                                         | 3,7 : 1           | 0,8 : 1           |
| Tydperk waarvoor genoeg voorraad<br>voorhande is            | 140 dae           | 80 dae            |
| Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn                     | 55 dae            | 26 dae            |

**GEVRA:**

Verduidelik jou antwoord op elk van die volgende vrae deur in elke geval finansiële aanwysers (syfers, verhoudings of persentasies) aan te haal om jou antwoord te staaf.

- 4.3.1 Verduidelik waarom die finansiële aanwysers van likiditeit van Lolly Bpk. beter is as dié van Peggy Bpk. Haal DRIE finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf. (9)
- 4.3.2 Watter maatskappy gebruik meer lenings? Verduidelik of dit 'n goeie idee is of nie. Haal in elke geval 'n finansiële aanwyser aan om jou antwoord te staaf. (6)
- 4.3.3 Die markprys van Peggy Bpk. se aandele vertoon baie beter as dié van Lolly Bpk. Verduidelik, deur TWEE finansiële aanwysers aan te haal, om hierdie opinie te staaf. (4)
- 4.3.4 Peggy Bpk. het 'n beter persentasie opbrengs, verdienste en dividende as Lolly Bpk. Verduidelik DRIE finansiële aanwysers om hierdie mening te staaf. (9)

**4.4 OUDITVERSLAE**

Jy word voorsien van uittreksels uit die onafhanklike auditverslae van Peggy Bpk. en Lolly Bpk.

**Uittreksel uit auditverslag van Lolly Bpk.:**

Na ons mening verstrek die finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike aspekte, van die finansiële stand van hierdie maatskappy op 29 Februarie 2012 en die uitslag van hul bedrywighede en kontantvloei vir die jaar eindig in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en op die wyse soos vereis word deur die Maatskappywet van Suid-Afrika.

**Uittreksel uit auditverslag van Peggy Bpk.:**

Ons het bevind dat interne beheermaatreëls nie nagekom is nie en dat dokumentasie vir 'n groot deel van die transaksies wat getoets is, nie bestaan nie.

As gevolg van die beduidende aard van die kwessie beskryf in bogenoemde paragraaf, kon ons nie genoegsame toepaslike auditbewyse vind om as basis te dien vir 'n auditmening nie. Gevolglik sprek ons geen mening uit oor die finansiële state vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012 nie.

**GEVRA:**

Lewer kommentaar op die auditverslae van Lolly Bpk. en Peggy Bpk. In elke geval, verduidelik hoe die verslag Peter se besluit rakende die aandele wat hy in die maatskappy wil koop, sal beïnvloed. (4)

**VRAAG 5: VOORRAADWAARDASIE, INTERNE BEHEER EN ETIEK**  
**(35 punte; 20 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Highveld Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2013. Die eienaar is Anele en Chris is verantwoordelik vir die bestuur van die winkel.

Die besigheid koop en verkoop krieketkolwe en krieketballe.

**GEVRA:**

- 5.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad vir die volgende voorraaditems. Toon alle bewerkings deur beide die getal eenhede en die waarde van die eenhede te gebruik.
- 5.1.1 Krieketkolwe (gebruik die EIEU-metode) (5)
- 5.1.2 Krieketballe (gebruik die geweegdegemiddelde-metode) (7)
- 5.2 Vir krieketkolwe, bereken die volgende:
- 5.2.1 Koste van verkope (6)
- 5.2.2 Bruto wins (3)
- 5.3 Anele is bekommerd omdat 'n aantal krieketkolwe verlore geraak het.
- 5.3.1 Bereken die getal krieketkolwe wat blykbaar verlore is. (3)
- 5.3.2 Verduidelik TWEE beheermaatreëls wat sy kan instel om te verhoed dat dit in die toekoms weer gebeur. (4)
- 5.4 Anele is bekommerd oor die manier waarop Chris die krieketballe bestuur het. Anele het ontdek dat Chris die verskaffer van krieketballe in November verander het sonder om haar in kennis te stel.
- Verskaf bewyse uit die inligting voorsien, om Anele se bekommernis te staaf. Noem TWEE punte en haal syfers aan om jou antwoord te ondersteun. (4)
- 5.5 Anele het intussen ontdek dat die nuwe verskaffer van krieketballe 'n familielid van Chris is.
- Watter raad sal jy in hierdie verband aan Anele gee? (3)

**INLIGTING:****1. Voorraadopname:**

Die fisiese voorraadopname het die volgende voorraad voorhande getoon aan die begin en einde van die finansiële jaar.

| Datum      | Krieketkolwe  |                                    |               | Krieketballe  |                             |               |
|------------|---------------|------------------------------------|---------------|---------------|-----------------------------|---------------|
|            | Getal eenhede | Per eenheid (insluitende vraggeld) | Totale waarde | Getal eenhede | Per eenheid (geen vraggeld) | Totale waarde |
| 01/03/2012 | 110           | R450                               | R49 500       | 320           | R60                         | R19 200       |
| 28/02/2013 | 175           | ?                                  | ?             | 220           | ?                           | ?             |

**2. Aankope:**

Gedurende die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2013, is die volgende voorraaditems aangekoop. Verwys hieronder na terugsendings en vraggeld.

| Datum         | Krieketkolwe   |             |                 | Krieketballe   |             |                |
|---------------|----------------|-------------|-----------------|----------------|-------------|----------------|
|               | Aantal eenhede | Per eenheid | Totale waarde   | Aantal eenhede | Per eenheid | Totale waarde  |
| 30/05/2012    | 80             | R500        | R40 000         | 220            | R60         | R13 200        |
| 30/08/2012    | 105            | R550        | R57 750         | 180            | R65         | R11 700        |
| 28/11/2012    | 250            | R600        | R150 000        | 280            | R85         | R23 800        |
| 25/01/2013    | 100            | R625        | R62 500         | 160            | R95         | R15 200        |
| <b>TOTALE</b> | <b>535</b>     |             | <b>R310 250</b> | <b>840</b>     |             | <b>R63 900</b> |

**3. Terugsendings gedurende die jaar:**

| Terugsendings van foutiewe krieketballe | Getal eenhede | Per eenheid | Totale waarde |
|-----------------------------------------|---------------|-------------|---------------|
| Van November-aankope                    | 40            | R85         | R3 400        |
| Van Januarie-aankope                    | 20            | R95         | R1 900        |
|                                         | 60            |             | R5 300        |

**4. Vraggeld op aankope:**

Die totale vraggeld op aankope betaal:

- Krieketkolwe – R30 per kolf op alle aankope (nie ingesluit by aankoopprys in tabel hierbo nie)
- Krieketballe – geen vraggeld betaalbaar nie

**5. Verkope gedurende die jaar:**

| Item         | Eenhede | Per eenheid | Totale waarde |
|--------------|---------|-------------|---------------|
| Krieketkolwe | 455     | R875        | R398 125      |
| Krieketballe | 880     | ?           | ?             |



**VRAAG 6: KONTANTBEGROTINGS****(50 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot DIY Hardeware. Die besigheid word deur John Temba besit. Sy onervare boekhouer, Mabel, het 'n Kontantbegroting opgestel.

**GEVRA:**

- 6.1 Verwys na die Kontantbegroting onder Inligting 4. Identifiseer TWEE items wat Mabel foutiewelik in die Kontantbegroting ingeskryf het. (4)
- 6.2 Behalwe die items in VRAAG 6.1 hierbo, noem TWEE ander items in die **Betalingsafdeling** van die Kontantbegroting (Sien Inligting 4 hieronder) wat NIE in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn nie. (4)
- 6.3 Nadat hy al die foute reggestel het, het John die volgende geïdentifiseer:

|                                     | <b>JAN 2013</b> | <b>FEB 2013</b> |
|-------------------------------------|-----------------|-----------------|
| Kontanttekort vir die maand         | (14 950)        | (52 400)        |
| Kontant aan die begin van die maand |                 | 35 350          |
| Kontant aan die einde van die maand | <b>A</b>        | <b>B</b>        |

- Identifiseer of bereken **A** en **B**. Toon negatiewe getalle tussen hakies. (3)
- 6.4 Identifiseer of bereken die ontbrekende syfers **C** en **D** in die uittreksel uit die Kontantbegroting (Inligting 4 hieronder). (7)
- 6.5 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Februarie 2013. (10)
- 6.6 Bereken die persentasie toename in salarisse en lone vanaf 1 Februarie 2013. (2)
- 6.7 Bereken die rente op die vaste deposito vir Januarie 2013. (2)
- 6.8 John betaal Speedy Deliveries om hardeware gratis by sy klante af te lewer. Hy begroot daarvoor teen 'n tarief van 8% van totale maandelikse verkope.
- 6.8.1 Bereken die afleweringssuitgawebedrag begroot vir Januarie 2013. (2)
- 6.8.2 John is van mening dat hierdie uitgawe hom te veel kos. Watter TWEE punte behoort John te oorweeg voordat hy besluit of hy met hierdie diens wil voortgaan of nie? (4)
- 6.9 Op 31 Januarie 2013 identifiseer jy die syfers hieronder. Verduidelik wat jy vir John oor elk van die volgende items aan die einde van Januarie 2013 sal sê. Gee EEN punt van advies in elke geval.

|                    | <b>JANUARIE 2013</b> |                |
|--------------------|----------------------|----------------|
|                    | <b>BEGROOT</b>       | <b>WERKLIK</b> |
| Advertensies       | 1 600                | 0              |
| Skryfbehoeftes     | 1 000                | 4 400          |
| Personeelopleiding | 2 000                | 700            |

6.10 John gaan 'n probleem ondervind om sy ou rekenaars en kasregisters in Maart 2013 te vervang. Die koste van hierdie items beloop R150 000 en hy verwag dat dit 5 jaar sal hou. Hy het egter nie kontant beskikbaar om hiervoor te betaal nie. Sy opsies is:

- Verkry 'n nuwe lening teen 'n rentekoers van 14% p.j. wat oor 36 maande terugbetaal moet word
- Huur (Bruikhuur) die bates by IT Connect Bpk. teen R5 100 per maand
- Nooi sy vriend James om 'n gelyke vennoot in die besigheid te word en om R150 000 kapitaal te verskaf

John besef dat al drie die opsies die voordeel het dat dit nie die uitleg van R150 000 in Maart 2013 vereis nie.

Oorweeg elk van hierdie opsies en verduidelik EEN ander voordeel en EEN nadeel van elke opsie. Verskaf syfers om jou antwoord te staaf.

(6)

### INLIGTING:

#### 1. **Verkope, aankope van voorraad en koste van verkope:**

- Totale verkope vir November 2012 tot Februarie 2013 was soos volg:
  - o November: R150 000
  - o Desember: R200 000
  - o Januarie: R160 000
  - o Februarie: R140 000
- 60% van alle verkope is kontant, die res is op krediet
- Die winsopslag is te alle tye 33⅓% op koste van verkope
- Voorraad word maandeliks vervang
- 50% van alle aankope is kontant, die res is op krediet

#### 2. **Debiteure-invordering:**

Debiteure sal na verwagting soos volg betaal:

- 30% van debiteure betaal hul rekeninge in die maand van verkope (lopend)
- 50% betaal in die maand na die maand van die verkoopstransaksie (30 dae)
- 18% betaal in die tweede maand (60 dae)
- 2% word afgeskryf

#### 3. **Krediteurebetaling:**

Krediteure word in die maand na aankope betaal om 5% korting te ontvang.

4. **DIY HARDWAREWINKEL****UITTREKSEL UIT DIE KONTANTBEGROTING VIR JANUARIE EN FEBRUARIE 2013**

|                                                   | <b>JAN 2013</b> | <b>FEB 2013</b> |
|---------------------------------------------------|-----------------|-----------------|
| <b>ONTVANGSTE</b>                                 |                 |                 |
| Kontantverkope                                    | 96 000          | 84 000          |
| Invordering van debiteure                         | 70 000          | ?               |
| Rente op vaste deposito (7% p.j.)                 | ?               | 0               |
| Vaste deposito: Magic Bank, verval op 1 Feb. 2013 | 0               | 42 000          |
| Kommissie-inkomste                                | ?               | ?               |
| Huurinkomste                                      | 8 500           | 8 800           |
|                                                   |                 |                 |
| <b>BETALINGS</b>                                  |                 |                 |
| Salarisse en lone                                 | 15 000          | 16 800          |
| Skryfbehoeftes                                    | 1 000           | 1 000           |
| Telefoon                                          | ?               | ?               |
| Betalings aan krediteure                          | 71 250          | <b>D</b>        |
| Kontantaankope van voorraad                       | <b>C</b>        | 52 500          |
| Terugbetaling van bestaande lening                |                 | 100 000         |
| Meubels op krediet gekoop                         | 30 000          |                 |
| Afleweringkoste van hardeware aan klante          | ?               | 11 200          |
| Personeelopleiding                                | 2 000           | 2 000           |
| Advertensies                                      | 1 600           | 1 400           |
| Waardevermindering                                | 12 500          | 12 500          |
| Diverse uitgawes                                  | 3 500           | 3 600           |
| Onttrekkings deur eienaar                         | ?               | ?               |
| Voertuiguitgawes                                  | 0               | 500             |

50

**TOTAAL: 300**